Eloff-broers sterf toe tenk ontplof wat hulle gebou het

RETHA FOURIE

POLOKWANE – In die destydse bosoorlog in Namibië was dr. Paul Eloff die dapper dokter wat van agter pantserplate 'n onontplofte geweergranaat uit 'n jong soldaat se bors gehaal het. Toe was daar geen ontploffing nie.

Op die ou end was dit 'n ontploffing wat Eloff (75) se lewe Vrydagaand geëis het toe die hiperbariese suurstoftenk wat hy en sy ingenieurbroer, Gerhard (66), gebou het, ontplof het. Dié is ook in die ontploffing dood.

Mnr. Gerhard Eloff se seun Georg (27) het wonderbaarlik aan die dood ontkom waar hy 'n meter van sy pa af gestaan het toe hulle dr. Eloff in die tenk te hulp gesnel het net voordat dit ontplof het. Hy het geringe beserings opgedoen.

Die twee Eloff-broers het die tenk sewe jaar gelede ná jare se navorsing gebou.

Georg en sy broer Frik het gister gesê hul pa en oom het die tenk gebou nadat altwee geweldige bloedsomloopprobleme weens diabetes ontwikkel het.

Mnr. Gerhard Eloff was 'n meganiese ingenieur en dosent in ingenieurswese aan verskeie kolleges.

Dr. Eloff was 'n algemene chirurg. Hy het kans gesien vir enige operasie, soos destyds tydens die bosoorlog in Namibië toe hy die geweergranaat uit die bors van o.kpl. Mario Oliveira gehaal het. Dié drama het hom op 4 Februarie 1983 op Oshakati, Namibië, afgespeel. Die Tsjeggo-Slowaakse M-60-geweergranaat het Oliveira getref, maar nie ontplof nie.

Frik het gister gesê die twee broers was nie "agterplaas-werktuigkundiges" nie. "My pa en oom Paul het geweet wat hulle doen."

Hy weet nie wat tot die ontploffing aanleiding gegee het nie.

Die ontploffing het gevolg nadat dr. Eloff sowat 20 minute in die tenk was. Georg het gister gesê hulle het sy oom hoor klop aan die binnekant.

"My pa was by die tenk en ek het die suurstofsilinder gaan toedraai. Toe voel ek die slag," het hy gesê.

Hy is deur die slag sowat 10 m ver tot teen 'n motor geslinger.

"Ek het 'n verskriklike reuk geruik en besef daar is groot fout. Ek het na my pa geroep. Hy was sowat 5 m van die tenk af. Sy bene was teen sy onderlyf af en sy een arm ook. Hy het nog sy kop beweeg.

"Toe hoor ek die ander suurstofsilinder sis," het hy vertel.

Mnr. Gerhard Eloff laat sy vrou, Isabel, en vier kinders, Frik, Gerhard, Georg en Joleen, agter. Dr. Paul Eloff laat sy vrou, Nine, en sewe kinders, Arnolda, Gerhard, Anna-Maria, Gerlof, Hester, Paul en Mendel, agter. Geen begrafnisreëlings is nog getref nie.

DIE BURGER MA 2 FEB 04